Hoërskool FH Odendaal
Our Passion is Contagious

BAVIAANSPOORTWEG / ROAD 200
DERDEPOORT
PRETORIA
0186

POSBUS / POBOX15141
LYNN EAST
PRETORIA
0039

**Desember 2023**

## GR 11 –INLIGTINGSBLAD

Baie welkom aan elke Gr 11 –ouer en –voog. Hierdie is 'n belangrike jaar vir u en u kind. Om alle onsekerheid uit die weg te ruim, het ons vir u hierdie inligtingsblad saamgestel.

### 1. NKV Inskrywings en identiteitsdokumente

Graad 11-leerders se registrasie vir die Graad 12 eindeksamen vind reeds in Junie plaas. Dit is baie belangrik dat elke graad 11-leerder reeds oor 'n identiteitsdokument beskik. GEEN registrasie kan plaasvind sonder hierdie dokument nie.

Wanneer die leerder die registrasievorm ontvang, moet hy/sy al die korrekte inligting invul en mag GEEN foute gemaak word nie. Kontroleer dit asb saam met u kind. Ons wil nie hê u kind moet vir 'n vak inskryf wat hy/sy nie neem nie. Sodra u tevrede is met u kind se vorm, word dit deur die kind, asook die ouer IN SWART INK onderteken.

### 2. Registrasieproses

- Registrasie van alle leerders vind op Dinsdag 16 Januarie 2024 vanaf 08:00 tot 10:00 (Hek 4) plaas.
- 'n Ouer/voog moet met die registrasie teenwoordig wees om die nodige dokumente te onderteken.
- Leerders ontvang hulle skooldagboek, rooster en handboeke op die dag.

**ONTVANG VAN HANDBOEKE VIR 2024 VIA DRIVE –THRU**

- Al die ouers/voogde wat hul registrasiefooi betaal het, kan die handboeke afhaal op die aangeduide tyd.

TEL: (012) 800 1141 FAKS / FAX: (012) 800 1148 E-POS / EMAIL: admin@fhodendaal.co.za.
WEB: www.fhodendaal.co.za HOOF / PRINCIPAL: MNR/MR J.D. BRUMMER
Adjunkhoofde / Deputy Principals: Me/Ms L Perreira, Me/Mrs I Boonzaier,
Mnr/Mr D. Groenewald, Mnr/Mr P.J. Pretorius

- Indien die registrasiefooi nie betaal is nie, moet asseblief nie deur die "drive-thru" gaan nie, want die handboeke sal nie by die versamelpunt beskikbaar wees nie.
- Hou asseblief by die tyd wat vir elke graad aangedui word. Die handboeke sal by die versamelpunt wees.
- Indien die betaling vir registrasie 'n dag voor die invorderingsdatum gemaak is, bring asseblief die bankstrokie (bewys van betaling) vir die registrasiefooi saam.
- Geen voetgangers word toegelaat nie.
- Ouers moet teken om handboeke te ontvang.

| | DATUM | TYD | HEK |
|---|---|---|---|
| Graad 12 | 16/01 | 08:00-10:00 | 4 |
| Graad 11 | 16/01 | 10:00-12:00 | 4 |
| Graad 10 | 16/01 | 12:00-14:00 | 4 |
| Graad 9 | 16/01 | 10:00-12:00 | 1 |
| Graad 8 | 16/01 | 08:00-10-00 | 1 |

## 3. Skoolfonds

Volgens die Suid-Afrikaanse Skolewet 1996 (No. 84 van 1996) en Regeringskennisgewing No. 1293 van 12 Oktober 1998, is ons 'n Artikel 21-Skool (skoolfonds betalende skool) en betaling van skoolgeld is dus verpligtend. U as die ouer/voog het 'n keuse gemaak vir 'n goeie opvoeding deur u kind in te skryf by 'n Artikel 21-Skool met sekere verpligtinge en verantwoordelikhede.

**Bankbesonderhede: ABSA, Tjekrekening,**
**Rekeningnommer: 1430390062, Takkode: 632005**
**Verwysing: Leerder se FAMILIEKODE en Van Bv. 4321 MOTAU**

**Rekeninge** wat sonder reëlings **agterstallig** is, sal in **April 2024** aan die skool se prokureurs oorhandig word vir die VOLLE UITSTAANDE BEDRAG, vir invordering.

Die skoolgeld wat u vir die jaar **2024** verskuldig is, beloop **R 16 000.00** en is betaalbaar op **drie** maniere:
**LW**. Enige ander reëlings rakende die betaling van skoolgeld moet asseblief skriftelik aan die kantoor gerig word of per e-pos gestuur word na finance@fhodendaal.co.za.

**<u>Opsie 1 Maandelikse betaling</u> – R 16 000.**

'n **Verpligte betaling** van **R1500** is betaalbaar **op/voor 15 Januarie 2024** om jou rooster en handbook te ontvang. Geen reëling nie. Daarna is **10 paaiemente** van **R1 450.00** maandeliks betaalbaar vanaf 7 Februarie en eindig die 7 November 2024.

| DATUM BETAALBAAR | BEDRAG | UITSTAANDE SALDO |
|---|---|---|
| **Begin saldo –01/01/2024** | **R 16 000** | **R 16 000** |
| **1ste Verpligte betaling voor of op 15/01/2024** | **R 1 500** | **R 14 500** |
| **N.B. 1ste Paaiement voor of op 07/02/2024** | **R 1 450** | **R 13 050** |
| **2de Paiement voor of op 07/03/2024** | **R 1 450** | **R 11 600** |
| **3de Paaiement voor of op 07/04/2024** | **R 1 450** | **R 10 150** |
| **4de Paaiement voor of op 07/05/2024** | **R 1 450** | **R 8 700** |
| **5de Paaiement voor of op 07/06/2024** | **R 1 450** | **R 7 250** |
| **6de Paaiement voor of op 07/07/2024** | **R 1 450** | **R 5 800** |
| **7de Paaiement voor of op 07/08/2024** | **R 1 450** | **R 4 350** |
| **8ste Paaiement voor of op 07/09/2024** | **R 1 450** | **R 2 900** |
| **9de Paaiement voor of op 07/10/2024** | **R 1 450** | **R 1 450** |
| **10de Paaiement voor of op 07/11/2024** | **R 1 450** | **R 0** |

**<u>Opsie 2 Eenmalig</u> – R 15 200** (Afslag van R800)

Skoolgeld kan ten **volle betaal** word teen **28 Februarie 2024** om vir **5% afslag te kwalifiseer.** Die bedrag is **R15 200.00** (**R16 000.00 – R800.00**). 'n **Verpligte betaling** van **R1500** is steeds betaalbaar **op/voor 15 Januarie 2024** om jou rooster en handboeke te ontvang. Geen reëlings nie. Die verpligte betaling moet afgetrek word wanneer volle betaling gemaak word, **R13 700.00** (R15 200.00 – R1 500.00).

TEL: (012) 800 1141 FAKS / FAX: (012) 800 1148 E-POS / EMAIL: admin@fhodendaal.co.za.
WEB: www.fhodendaal.co.za HOOF / PRINCIPAL: MNR/MR J.D. BRUMMER
Adjunkhoofde / Deputy Principals: Me/Ms L Perreira, Me/Mrs I Boonzaier,
Mnr/Mr D. Groenewald, Mnr/Mr P.J. Pretorius

**<u>Opsie 3 Debietorder</u>** – **R 15 480** (Afslag R520)

**Hierdie tariewe geld slegs indien u 'n debietorder by die skool teken.**

| DUE DATE | DEBIT ORDER AMOUNT |
|---|---|
| 1ste Paaiement voor/op 31/01/2024 | R 1 290 |
| 2de Paaiement voor/op 28/02/2024 | R 1 290 |
| 3de Paaiement voor/op 31/03/2024 | R 1 290 |
| 4de Paaiement voor/op 30/04/2024 | R 1 290 |
| 5de Paaiement voor/op 31/05/2024 | R 1 290 |
| 6de Paaiement voor/op 30/06/2024 | R 1 290 |
| 7de Paaiement voor/op 31/07/2024 | R 1 290 |
| 8ste Paaiement voor/op 31/08/2024 | R 1 290 |
| 9de Paaiement voor/op 30/09/2024 | R 1 290 |
| 10de Paaiement voor/op 31/10/2024 | R 1 290 |
| 11de Paaiement voor/op 30/11/2024 | R 1 290 |
| 12de Paaiement voor/op 31/12/2024 | R 1 290 |

**<u>Bestaande debietordergebruikers</u>** hoef nie nog ‘n debietordervorm vir 2024 in te vul nie en hulle **betaal nie die R1500**. Die debietorder sal in Januarie 2024 begin.

Vir ‘n **<u>nuwe debietorder-aansoek,</u>** versoek asseblief ‘n debietordervorm by finance@fhodendaal.co.za. ‘n **Verpligte betaling** van **R1500** is steeds betaalbaar **op/voor 15 Januarie 2024** om jou rooster en handboeke te ontvang. Geen reëling kan getref word nie. Die debietorder sal in Februarie 2024 begin.

Die debietorder sal geldig en van toepassing wees vir die duur van die leerder se skoolloopbaan. Bedrae sal jaarliks in Januarie aangepas word volgens die ooreengekome verhoging op die Algemene Jaarvergadering. **Om die debietorder te kanselleer of besonderhede te verander, moet 30 dae**

**skriftelike kennisgewing by die Finansiele kantoor ingedien word.** Indien die debietorder onbetaald terugkeer is daar ‘n addisionele R50 boete en die uitstaande bedrag moet binne 5 werksdae betaal word. Indien die debietorder twee opeenvolgende maande onbetaald teruggestuur word, sal dit deur die owerhede gekanselleer word.

## 4. Uitstaande handboeke

Indien die leerder ’n handboek verloor of verwaarloos, moet hy/sy dadelik **R350** by die geldkantoor betaal om ‘n nuwe een te kry. Indien daar nog handboeke van 2023 uitstaande is, sal **geen** handboeke in 2024 uitgedeel word nie.

## 5. Akademie en slaagvereistes

Om te kwalifiseer vir ‘n Nasionale Senior Sertifikaat, moet die leerder die volgende persentasies behaal :

- Huistaal: 40% minimum
- Slaag enige ander TWEE vakke met: 40% minimum
- Slaag enige ander DRIE vakke met: 30% minimum

Ons vereis dat u kind alle portefeulje-opdragte wat hy/sy deur die jaar kry, moet inhandig. In die meeste vakke tel die portefeulje-opdragte 25% van die kwartaalpunt. Die toetse wat die leerders skryf tel 75%.

Waar ‘n vak ‘n praktiese komponent (PAT) het, is die punteverspreiding soos volg:

- Eksamen 50%
- PAT 25%
- Portefeulje-opdragte 25%

Indien u kind afwesig is op die dag wat ‘n toets/eksamen geskryf word, MOET ‘n **doktersbrief** ingehandig word by die graadhoof. U kind sal dan ‘n geleentheid gebied word om die toets/vraestel gedurende detensie te skryf. Indien u kind nie ‘n brief inhandig nie gaan hy 0 kry vir die toets. Bel asseblief die skool en stel die graadhoof in kennis indien u kind die dag siek is en ‘n toets gaan mis.

## 6. Akademiese Intervensie

Akademiese Intervensie is ekstra klasse wat aangebied word aan leerders wat sukkel om hul akademiese doelwitte te bereik. Hierdie klasse is ’n voorreg en sal aan u kind gegee word vir ekstra verryking sodat u kind akademies beter kan vaar.
Neem asb. kennis dat as u kind afwesig is vir meer as 5 dae sonder ’n mediese sertifikaat, of meer as 5 dae laatkom vir skool sal u kind nie kwalifiseer om hierdie lesse by te woon nie.

## 7. Vakveranderings

Die Nasionale Beleid ten opsigte van die Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring bepaal dat 'n leerder slegs TWEE vakke in sy/haar graad 10 en 11 fase mag verander. Neem dus asseblief kennis:

- Indien ‘n leerder twee vakke in graad 10 verander het mag geen vakke in graad 11 of 12 verander word nie.
- Indien ‘n leerder een vak in graad 10 verander het, mag slegs een vak in graad 11 verander word. Geen vakke mag in graad 12 verander word nie.
- Indien ‘n leerder geen vakke in graad 10 verander het, mag twee vakke in graad 11 verander word. Geen vakke mag in graad 12 verander word nie.
- Indien u kind in graad 11 wil vakke verander, **sal dit plaasvind vanaf 26 Januarie – 1 Februarie. GAAN SIEN JUF HEALY GEDURENDE POUSE om jou vakverandering te voltooi.**

## 8. Afwesighede

Leerders moet so min as moontlik afwesig wees. Hulle mis baie skoolwerk indien hulle nie by die skool is nie. Ouers moet ‘n handgeskrewe brief of ‘n doktersbrief saamstuur sodra u kind weer by die skool is. Volgens die Skolewet mag leerders slegs ‘n maksimum van 10 dae per jaar afwesig wees, anders moet leerders herregistreer. Afwesigheidsbriewe moet by die graadhoof ingegee word. **Indien u kind nie skool gaan bywoon nie, stuur ‘n epos na kathleen@fhodendaal.co.za voor 7:00 in die oggend.**

Reël asb alle dokter/tandartsafsprake, leerling/bestuurslisensies of enige ander afsprake vir ná skool.

**9. Oueraande**

**NEEM ASB KENNIS DAT DIE EERSTE VERPLIGTE OUERAAND OP 24 JANUARY 2024 OM 17:30 VIR 18:00 SAL PLAASVIND.**

Gedurende die jaar word oueraande geskeduleer sodat u ‘n kans kry om met u kind se onderwysers te gesels. Gedurende dié aande word die rapport ook uitgedeel. Indien u enige probleem met u kind se akademiese vordering het, is u welkom om met die vakonderwyser(s) en/of die graadhoof te kom gesels.

**10. Laatkommers**

Ons rig ‘n ernstige beroep tot u as ouers om ons in dié verband te ondersteun. Kies asb ‘n vervoermaatskappy wat u kan vertrou om u kind elke dag **betyds** by die skool te besorg. Leerders verloor geweldig baie akademiese tyd as hulle gedurig laat is **omdat hulle die eerste akademiese periode van die dag mis.**

**GEEN LEERDER (MAAK NIE SAAK WAT DIE REDE IS NIE) MAG MEER AS 5 DAE LAATKOM VIR SKOOL GEDURENDE DIE KALENDER JAAR NIE.**

**11. Selfone**
***(Neem kennis dat hierdie beleid slegs in Engels beskikbaar is.)***

**No learner will be allowed to have a cell phone in his possession during a school day – NO learner will be allowed to carry a cell phone/accessories on him/her as a person during a school day – visible or not.**

**The school will not take any responsibility for the theft or loss of any cell phone/cell phone accessories brought to school, no matter what the circumstances.**

**NO investigation whatsoever will take place in the case of stolen/lost cell phone/accessories.**

**While the school acknowledges that cell phones have become an important and useful means of communication, it is also aware of the fact that their use and abuse, particularly by children, pose social, ethical, and safety consequences. The school strongly discourages parents from allowing students to have cell phones in their possession while they are at school or in school uniform for the following reasons:**

- Students, who carry or use cell phones (including headphones) in public, particularly when traveling to and from school, have become the targets of criminals who accost them and rob them of their cell phones and other

possessions. These attacks occur most frequently when students are seen using their cell phones, particularly if they are expensive and/or "latest models" of sought-after brands.

- Theft of cell phones at school from bags and blazers is a persistent problem.

- Students are careless with their cell phones and leave them lying around or in blazers and bags that are left unattended. Lost and misplaced cell phones are frequently claimed to be stolen when this is not the case.
- Cell phones can be used to cheat in examinations and tests. For this reason, no cell phones are permitted in examination venues or in teaching venues when tests and examinations are written. This same policy applies to external national examinations.
- Cell phones are increasingly multifunctional, offering an array of features that are designed to attract and entertain users. The ready availability of these features means that students with cell phones tend to access and use these features in the classroom, becoming distracted from their work. Students with low levels of self-discipline, poor concentration, and/or a poor work ethic are more likely to become distracted by these features.
- Cell phones allow students unlimited access to salacious and age-inappropriate material.
- Cell phones allow students to listen to music with no consideration for others around them.
- Cell phones make students vulnerable to approaches by undesirable individuals or groups including criminals and pedophiles.
- Cell phones may carry private and personal material, including photographs, video clips, voice messages, and personal details which may become accessible by undesirable individuals and groups when cell phones are lost, borrowed, or stolen.

**Should a learner be found in possession of a cell phone during teaching or learning time (during a school day), the cell phone will be confiscated for four (4) weeks in line with the School Code of Conduct. Confiscated cell phones will be handed to the Finance Office for safekeeping, thereafter it can be bought back for an amount of R 100 -00 (Admin fee).**

**If a learner's cell phone is confiscated for a second time, that learner will lose the cell phone for the remainder of that year and can be bought back for R100-00 (Admin fee) at the end of that year.**

**If a learner refuses to hand the cell phone over to an Educator, that learner will be excluded from school and will lose that cell phone till the end of that year, thereafter it can be bought back for R 100-00 (Admin. fee).**
**The school will not, in principle, under any circumstances engage parents in discussions resulting from complaints parents have received from their children by cell phone during the school day.**

The School strongly recommends to ALL parents and guardians to ensure that the learners leave their cell phones at home – there is NO need (Academically) for any learner to have a cell phone with him/her at school. **For any emergency parents/learners can phone to/from the Admin office.**

If a parent or learner still insists on having a cell phone (for whatever reason), that cell phone must be switched off and kept IN THE SCHOOLBAG. If the cell phone is found on a learner or switched on in the schoolbag - that cell phone WILL be confiscated and handed in at the Finance Office. After four (4) weeks, that cellphone can be bought back for R100-00 (Admin fee).

## 12. Skooldrag en voorkoms

Alle skoolreëls moet nog steeds nagekom word totdat u kind sy/haar laaste vak aan die einde van die jaar skryf. Ons vra dat u ons asb. in hierdie verband sal ondersteun en sal seker maak dat u kind korrek, volgens die skooldrag geklee is.

## 13. Leerderraad

Die skoolleiers vir die volgende jaar word alreeds in die 3de kwartaal van graad 11 verkies. Die proses begin in Julie waar die graad 11 leerders mekaar nomineer. Die senior leerders en onderwysers stem dan in Augustus vir ± 20 seuns en 20 dogters. 'n Week later word die nuwe leiers bekend gemaak en die eerste naweek in September vind die leierskamp plaas.

Dit is 'n groot eer om as 'n leier van die skool verkies te word. Die leerders moet konstant 'n positiewe houding en goeie gedrag toon, akademies goed presteer en geen negatiewe punte hê nie, om genomineer te kan word.

## 14. Graad 12-oortrektrui

Die leerders moet alreeds hierdie jaar hulle wit graad 12-oortrektrui bestel en betaal. Dit vind gewoonlik in die 4de kwartaal plaas. Leerders ontvang die trui in die 1ste kwartaal van hulle graad 12 jaar. Die graadhoof sal 'n brief aan die ouers stuur wat die koste en prosedure sal verduidelik.

**15. Tradisionele skool**

Die skool ontvang baie navrae oor leerders wat graag tradisionele skole wil bywoon tydens die skooljaar. Die skool ondersteun hierdie tradisie, maar vereis dat 'n brief van die Stamhoof ingehandig word waarop die datums van die voorgestelde skool duidelik weergegee word.

Geen leerder sal toegelaat word om 'n tradisionele skool by te woon tydens graad 12 nie, u moet daarom verseker dat u seun/dogter, waar nodig, die skool bywoon vóór dan. U as ouer moet ook 'n brief skryf waarin u u kind toestemming gee om die tradisionele skool by te woon.

**16. Waardegedrewe skool**

F.H. Odendaal is 'n waardegedrewe skool. Elke graad het 'n spesifieke waarde vir die jaar. Graad 11 se waarde vir die jaar is *DEURSETTINGSVERMOË* en die res van die kwartale se waardes is soos volg:

Kwartaal 1 – Eenheid.

Kwartaal 2 – Balans.

Kwartaal 3 – Dapperheid.

Kwartaal 4 – Optimisme.

Ons vra die ouers se samewerking en ondersteuning sodat u die waardes by u huis ook sal implementeer.

**17. Detensie**

Indien 'n leerder oortree, ontvang hy/sy strafpunte. As die strafpunte -30 bereik moet die leerder detensie, as straf, bywoon. Detensie vind op Maandae- , Woensdae- en Vrydagmiddae na skool plaas en duur 1 uur. Die graadhoof of graadhoofhulp sal by die leerders toesighou gedurende die detensie.

Leerders wat herhaaldelik skoolreëls oortree, sal nie geduld word nie. Die graadhoof sal u skakel en u vir 'n vergadering na die skool nooi. Ons sal u die geleentheid **gee om u kind se klasse saam met hom/haar by te woon** om die oorsaak van die probleem te bepaal. Deur middel van 'n gesamentlike poging sal ons u kind se gedrag verbeter om 'n positiewe akademiese uitkoms te verseker.

**18. Fondsinsamelingsprojekte**

Jaarliks word twee uitstappies deur die skool vir die leerders gereël. Hierdie vind gewoonlik einde Maart en Oktober plaas. Die uitstappies is na Bela-Bela en Gold Reef City. Ons moedig die leerders aan om ten minste een by te woon. Dit is vet pret! Let wel: Indien u kind meer as 200 debietpunte het sal hy/sy die geleentheid verbeur om hierdie uitstappies by te woon.

**19. Sosiale media**

**Kontak besonderhede:**

Facebook: https://www.facebook.com/Streefhoog
School Website: www.fhodendaal.co.za
Instagram: hs_fh_odendaal

**20. Ander belangrike inligting**

Indien u nog enige ander navrae i.v.m u kind se jaar het, kan u gerus die skool skakel, u kind se graadhoof raadpleeg of ons akademiese adjunkhoof nader. Baie sterkte met hierdie belangrike fase van u kind se skoolloopbaan. Weereens, baie geluk aan u en u kind vir die puik prestasie.

***G-Suite* for Education**

**Neem kennis dat Google Classroom slegs vir verryking gebruik word. Ou vraestelle is ook beskikbaar op Google Classroom sodat u kind kan voorberei vir toetse en eksamens.**

**The following document is to explain how to access Google Classroom**

G Suite For Education

Google has various educational “apps” that enhance the learning experience. Your child will have access to ALL of these apps – in a safe and secure environment.
Each learner has his/her own **adminnumber**@odiesonline.co.za domain. (This **admin number** is on their time table and school fee account. This domain will be used to share educational resources with you and your child.

TEL: (012) 800 1141 FAKS / FAX: (012) 800 1148 E-POS / EMAIL: admin@fhodendaal.co.za.
WEB: www.fhodendaal.co.za HOOF / PRINCIPAL: MNR/MR J.D. BRUMMER
Adjunkhoofde / Deputy Principals: Me/Ms L Perreira, Me/Mrs I Boonzaier,
Mnr/Mr D. Groenewald, Mnr/Mr P.J. Pretorius

Each learner can access his/her own account by following these steps.
1. Access your Email/Gmail.
2. Login with a new account.
3. Use your admin number as follows: 000000@odiesonline.co.za
4. Use the following password (case sensitive): Odies123!
(Please change your password)
5. Join all your classes.
(See the class codes attached)

We would like to thank *Edupulsconsult* and *Opennetworks* for their advice, support and training during this endeavour. Together the sky is the limit.

**CLASS CODES for 2021**:

*Grade 12 learners must only join 7 (seven) classes - one for each of their subjects.*

**GRADE 11**

| Subject | Class code |
|---|---|
| Accounting | uqlij22 |
| Afrikaans Eerste Addisionele Taal | 6w5izrt |
| Afrikaans Huis Taal | 6czsr7p |
| Business Studies | 63a47f5 |
| Computer Application Technology | vmcrfop |
| Consumer Studies | qsxx3ze |
| Dramatic Arts | mjbz4rb |
| Engeneering Graphics and Design | mkgsfju |
| English First Additional Language | rkcwn3l |
| English Home Language | blayiyd |
| Geography | 3fslbr3 |
| History | kq2daos |
| Life Orientation | tpd7iy5 |
| Life Science | 5xcf5ve |
| Mathematics | yidtdah |
| Mathematics Literacy | cemh4g6 |
| Physical Science | qyfbgh5 |
| Tourism | rzzh6ie |
| Visual Arts | z3lc455 |

Mnr J.D. Brummer
SKOOLHOOF

Me. K. Healy
GRAADHOOF
kathleen@fhodendaal.co.za